


Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

*Uitnemendheid begin by omgee*

# NUUSBRIEF 8

## 6 Maart 2020

## UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

**BEHEERLIGGAAM**
Baie geluk aan die onderstaande ouers wat in die volgende ampte verkies is tydens die beheerliggaamvergadering op Dinsdag, 3 Maart 2020, gehou.
**Voorsitter:** Mnr George Hol
**Onder-Voorsitter:** Dr Corné Rossouw
**Sekretaresse:** Mev. Rosemari van der Merwe
**Tesourier:** Mnr. Kosta Camerinos

Ons wens hulle en die res van die beheerliggaam sterkte toe vir die res van die jaar se bedrywighede.

**WINTERSPORTPROGRAM**
Volgende week gaan ons met Wintersport begin aangesien ons reeds vroeg in die Tweede Kwartaal wedstryde speel. U ontvang ‘n **tydelike** Sportprogram vir die res van dié kwartaal.

**TOELATING 2021: GRADE R – 7 (BESTAANDE OUERS)**
Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die departement van onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u ‘n kind vir graad R of graad 1 in 2021 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

**ONDERSTEUNERSDRAG**
Die winter sportseisoen is amper met ons. By die klerewinkel, indien u belangstel is ondersteunershemde beskikbaar. Koop betyds aan om teleurstelling te voorkom.

**VERLORE KLERE**
Ons doen ’n ernstige beroep dat u by u huis sal kyk of daar nie dalk ander kinders se klere by die huis is nie. Indien wel, sal ons dit waardeer as u dit so spoedig moontlik na die kantoor kan bring. Ons waardeer u samewerking in hierdie verband.

**AFLOSPERSONEEL**
Indien daar enige gekwalifiseerde onderwysers is wat beskikbaar is om soms uit te help, (darem nie verniet nie) by die skool wanneer personeel siek is of met kursus is, moet u asseblief u inligting deurgee sodat ons u kan kontak. Laat weet my asseblief wat u kwalifikasies is en ook u kontaknommer.
By voorbaat dankie vir u bereidwilligheid om ons by te staan.

**VAKANSIENASORG: MAART 2020**
Ons bevestig dat die vakansie-nasorg wel in die Maartvakansie voortgaan.
Die tydperk is:

1. **23 Maart tot 27 Maart (5 dae). (Skole sluit Vrydag, 20 Maart en heropen Dinsdag 31 Maart)**
2. U moet asseblief ook onderneem om die Nasorgtye nl. 07:30-17:30, stiptelik te eerbiedig.

   **Die tarief beloop R 250 kind (R 450 vir 2 kinders) en is vir die volle tydperk, vooruitbetaalbaar.**

**LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD**
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

**DATABANK**
Ons wil ‘n databank opbou van ouers wat in die boubedryf is. Ons soek gereeld kontrakteurs om te kwoteer vir herstelwerk wat aan die skool gedoen moet word. As u van enige maatskappye weet, sal ons bly wees as u die name kantoor toe kan deurstuur.

**SKOOLGELDE 2020**
Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

**KRY KORTING OP SKOOLGELDE**
Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle voor/op 29 Februarie 2020 betaal word sal ‘n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle voor/op 31 Mei 2020 betaal word ‘n 5% korting.

**AANSOEK OM VERLIGTING VAN SKOOLGELDE**
Indien u om verligting van skoolgelde wil aansoek doen, moet u die nodige vorms by Mev. Laas afhaal en **voor of op 29 Februarie 2020**, vir oorweging deur die beheerliggaam, by haar inhandig. Die vorms móét van die nodige dokumentasie (o.a. bewys van inkomste) vergesel wees.

**Geen vrystellings wat in 2019 toegestaan is, word na 2020 oorgedra nie.**

**ELEKTRONIESE BETALINGS**

| | |
|---|---|
| REKENINGNAAM | **LAERSKOOL NEWTONPARK** |
| BANK | **ABSA** |
| REKENINGNOMMER | **1400490089** |
| TAKKODE | **632005** |

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam en verskaf. ‘n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

**GEDAGTE VIR DIE WEEK**

*As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt.*

**Jakobus 1:5**

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

# ALGEMEEN

**BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:**

Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

| | | |
|---|---|---|
| Ma – 9 Maart | : | Klerewinkel: **07:30 – 12:00**<br>**TOETS – AARD Gr. 4-7**<br>Kuns graad 1 – 2: **13:30-14:30**<br>Kuns graad 3: **14:00-15:00**<br>Kuns graad 4 – 7: **14:15-15:00**<br>Finansiële komitee vergadering: **16:30** |
| Di – 10 Maart | : | Kindermusiek graad R: **13:00 – 13:30**<br>**TOETS – KK Gr. 7**<br>Media boeke in<br>Kuns graad 1 – 2: **13:30-14:30**<br>Kuns graad 3: **14:00-15:00**<br>Kuns graad 4 – 7: **14:15-15:00**<br>Skaak: graad 1 – 2: **13:30 – 14:15 (laaste)**<br>Skaak: graad 3 – 7: **14:20 – 15:15 (laaste)** |
| Wo – 11 Maart | : | Klerewinkel: **12:00 – 14:30** |
| Do – 12 Maart | : | Gr. R-Gehoorsiftingstoetse<br>Framesby Drie-druk Fees: 0/13 Rugby + Netbal en 0/12 Netbal |
| Vr – 13 Maart | : | Klerewinkel: **07:30 – 12:00**<br>Gr. R-Gehoorsiftingstoetse<br>Skryf Flinkspel |

Dance Kids ballet graad R: **09:45**
Drama graad R – 2: **12:45 – 13:30**
Drama graad 3 – 7: **12:45 – 13:45**
Atletiek : EC Primary (Cradock)
OOV Dans

Sa – 14 Maart : Atletiek : EC Primary (Cradock)

# SPORT & KULTUUR

**OP KAMPIOENSKAPPE: CRADOCK**
Hartlik geluk aan Nico Barkhuysen in graad 6H wat ‘n tweede plek behaal het in gewigstoot en sodoende deurgedring het na die OP kampioenskappe wat 14 en 15 Maart te Cradock gehou sal word. Ons wens hom alle sterkte toe.

**TOP 8 GALA**
Isabel Kühn in graad 4D het op Vrydag, 28 Februarie aan die Top 8 Gala deelgeneem en die volgende prestasies behaal:
Rugslag: 2de plek (silwer medalje)
Vryslag: 2de plek (silwer medalje)
Borsslag: 5de plek
Baie geluk!

**SA CHAMPIONSHIPS OF PERFORMING ARTS**
Baie geluk aan Em-Jaye Theart in graad 5Z wat deurgedring het na die SA Kampioenskappe vir uitvoerende kunste.